

B

DIE BYBEL

Waar kom die Bybel vandaan?

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die Bybel 'n ontstaansgeskiedenis het.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- hoe die Bybel ontstaan het.
- dat die Bybel gesag oor hul lewens het.
- wat die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament is.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees vir die waarde van die Bybel in hul lewens.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om aan iemand te vertel watter waarde die Bybel in hul lewens het.

MEER INLIGTING

Die boodskap van die Bybel het mense oor eeue heen geraak. Dit is belangrik dat ons sal weet hoe die Bybel ontstaan het. Die Bybel het nie uit die lug geval nie. Dit is 'n boek wat oor ongeveer 1 000 jaar stelselmatig saamgestel is en gegroei het tot die boek wat ons vandag die Bybel noem. Die Bybel is die mees gelese boek van alle tye. Op die oog af is die Bybel een boek met baie bladsye. Afhangende van watter uitgawe jy gebruik, kan dit 'n boek van ± 1 400 bladsye wees. Dit is nogal 'n lywige boek! Maar eintlik is die Bybel 'n biblioteek vol boeke. Hierdie biblioteek bestaan uit twee dele wat ons die Ou Testament en die Nuwe Testament noem. Die Ou Testament bevat 39 verskillende boeke en die Nuwe Testament 27.

Ons gebruik die woord *testament*, maar eintlik moet dit *verbond* of *ooreenkoms* wees. Die Ou Testament gaan hoofsaaklik oor God se verhouding met die volk Israel. Dit handel ook oor God en sy verhoudings met enkelinge soos Abraham of koning Dawid. In die Ou Testament leer ons die mens as 'n sondaar ken, 'n skepsel van God wat eintlik verkies om liewer sonder God te

leef. Ons leer God ken as die Almagtige, die Skepper, as die God wat die mens en 'n volk wat Hy uitverkies het, Israel, oneindig liefhet. Ons leer God ken as die Een wat die ongehoorsaamheid van die mens haat en dit straf.

Die Ou Testament kan met 'n koor vergelyk word – 'n koor wat bestaan uit verskeie mense van verskillende ouderdomme, en die koorlede sing ook nie saam in dieselfde stemme nie. Eerstens is dit belangrik dat ons sal verstaan dat die Ou Testament uit verskillende boeke bestaan wat eers na die verloop van eeue 'n eenheid verkry het en as heilige boek aanvaar is. Tweedens moet ons besef dat daar verskillende maniere is waarop die Ou Testament verstaan kan word.

Wanneer ons oor die ontstaan van die Bybel praat, is daar nog 'n woord wat ons moet gebruik en dit is die woordjie *kanon* (uitgespreek: *kaanon*). Kanon beteken norm of maatstaf of *maatband*. So is die Ou en Nuwe Testament vir Christene die maatstaf van alles wat ons dink, sê en doen. Ons lewens word daaraan “gemeet” om te bepaal of dit in lyn is met hierdie norm.

In die Ou Testament word vertel dat God die mens goed geskape het. God het 'n verbond gemaak om hulle in liefde te versorg en alles te gee wat hulle nodig het. Telkens het hulle die rug op God gedraai en ongehoorsaam geword. God het in sy liefde aangehou en aangehou, maar alles tevergeefs.

In die Nuwe Testament begin God van vooraf met 'n nuwe skepping. Die Nuwe Testament handel oor die *nuwe verbond of ooreenkoms* wat God met sondaarmense aangegaan het. Deur Jesus Christus bewys God dat Hy ons vir altyd wil liefhê. Ons sonde en skuld word oorgelaai op sy Seun, Jesus. Omdat Jesus God en mens gelyktydig is, kon Hy as mens ons sonde oorneem, en as God kon Hy dit met sy Goddelike krag wegdra. As mens sterf Hy in ons plek, as God staan Hy op uit die dood in ons plek.

Dit alles leer ons uit die Bybel.

Die Bybel is deur God geïnspireer, maar nie deur God vanuit die hemel voorgesê nie. Oor baie jare is God se ingrype in mense se lewens oorvertel, en uiteindelik is dit sorgvuldig neergeskryf. Die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament het elkeen sy eie besondere ontstaansgeskiedenis en wyse waarop dit deel van die een Bybel geword het. Sekere Bybelboeke het ook nie net een outeur of skrywer gehad nie, maar is 'n samevoeging van verskillende tradisies in een boek.

'n Algemene beskrywing van die Bybel is om te sê dat dit God se Woord in mensetaal is. Daarmee bedoel ons dat die skrywers, oorskrywers en redakteurs in hul eie verstaan van hul tyd en omstandighede die inligting bymekaargemaak en verwerk het. Die gesag van die Bybel, dit wil sê die aanspraak wat dit op ons lewens maak, lê in wat God gedoen het. Die Bybel is maar net 'n “medium” wat die groot daade verkondig in gewone mense se taal. Die Heilige Gees maak dit vir ons dié Waarheid wat ons lewens verander en ons nuut maak. Dit is God self wat ons oortuig dat dit wat ons in die Bybel lees, sy Woord is.

Die eerste deel van die Ou Testament wat as kanon erken is, was die Pentateug – die eerste vyf boeke van die Bybel. Teen 500 tot 300 voor Christus is dit al as gesaghebbend beskou, met ander woorde, gesien as die Woord van God. Die tweede deel wat as kanon erken is, was die *Profete*. Hierby is nie net *al die profeteboeke* ingesluit nie, maar ook Josua, Rigters, Samuel

en Konings. Teen die jaar 164 voor Christus is dit as deel van die kanon beskou. Die res van die Ou Testament, die derde deel, word die Geskrifte van die Ou Testament genoem en is teen ongeveer 100 na Christus se geboorte as deel van die kanon erken.

Die Nuwe-Testamentiese geskrifte is teen 100 na Christus wyd in die kerk gebruik in die erediens, die katekese en die reëling van die orde in die gemeentes. Vir die eerste Christene was die Ou Testament die Bybel en Woord van God. Later moes die kerk besluit watter ander geskrifte aangaande Jesus Christus en die kerk ook gesag dra en deel van die Nuwe Testament moes word. Die woorde van Jesus soos dit oorvertel is, is in die vier Evangelies aangeteken en het dadelik gesag gedra. Die woorde van die apostels het ook groot gewig gedra, juis omdat Jesus hulle self uitverkies het. Ook die briewe van Paulus aan die verskillende gemeentes en individue het gesag gedra. Daar is later algemeen aanvaar dat 'n geskrif slegs deel van die Nuwe Testament kon word as dit gekom het van oor- en ooggetuies van wat Jesus alles hier op aarde gedoen en gesê het. Teen die jaar 200 na Christus was die finale vorm van die Nuwe Testament grotendeels vasgelê.

Ons moet ook onthou dat die Bybel nie 'n Aardrykskunde- of Geskiedenis-handboek is nie. Die Bybel vertel vir ons dat God alles geskep het, maar nie presies hoe nie. Die Bybel vertel die geskiedenis van die mensdom en veral die volk Israel, maar die Bybel is 'n geloofsboek wat handel oor God en mense se verhouding met mekaar. Tussen die Ou en die Nuwe Testament is daar ook 'n periode waarvan die Bybel ons niks vertel nie. Die Ou Testament sluit af met die volk Israel se terugkoms uit die ballingskap en die heropbou van die land en die tempel, maar dan verloop daar amper 400 jaar voor ons weer iets van die volk Israel met die geboorte van Jesus lees.

In Afrikaans bestaan daar reeds 'n hele paar vertalings van die Bybel. Ons Kerk ondersteun die Bybelgenootskap. Die Bybelgenootskap se vertalings word in samewerking met die Kerk aangepak. Die bedoeling van 'n vertaling is om inligting wat in 'n onbekende taal soos Hebreeus en Grieks is, in 'n verstaanbare taal aan te bied. Enige vertaling van die Bybel moet altyd van nuuts af uit die grondtale aangepak word. Die Ou Testament is hoofsaaklik in Hebreeus geskryf. Daar is 'n klein deeltjie in Aramees geskryf. Die Nuwe Testament is in Grieks neergeskryf omdat dit die wêreldtaal van daardie tyd was, amper soos Engels vandag. In Jesus se tyd het die Jode hoofsaaklik Aramees gepraat. Daarom is grondige kennis van Hebreeus, Aramees en Grieks baie belangrik om die vertaling en uitleg van die Bybel suksesvol te kan doen. Die vertalings in Afrikaans wat reeds deur die Bybelgenootskap versprei is, is in samewerking met die Afrikaanse kerke deur van die beste Bybel- en taalwetenskaplikes aangepak. Daarom is 'n Bybel wat deur die Bybelgenootskap uitgegee word 'n betroubare vertaling van die oorspronklike tekste.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE GELEER EN GEDOEN?

- Kontroleer watter vyf dinge hulle neergeskryf het oor hoe en waar hulle 'n bydrae kan maak tot die groei en vooruitgang van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die toekoms. Herinner hulle daaraan dat hulle volgende jaar 'n belofte gaan aflê dat hulle gaan meewerk tot die groei van die Kerk. (*Gereeld eredienste bywoon om te groei in die geloof / ander mense van God gaan vertel / help met werk op die kerkterrein / help met gemeentefunksies / help om behoeftige mense te versorg / vir iemand 'n Bybel gee / ensovoorts.*)
- Kontroleer of hulle Filippense 3: 7 en 8a ken: *Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.*
- Vra ook of hulle kon uitvind waarom die ouderling tradisioneel die wet en die geloofsbelydenis voorlees. (*Ouderlinge wat voorlees, is die "regerende ouderlinge". Omdat hulle "regeer", lees hulle die "wet" voor waarmee hulle regeer. Dominees is die "lerende" ouderlinge – hulle "leer" die lidmate wat in die Bybel staan.*)
- Laat een of twee kinders die Twaalf Artikels opsê.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Laat die kinders die volgende stelling bespreek: *Die Bybel is die Woord van God. Is dit wat ons daarin lees, vandag nog op ons van toepassing?*

IETS INTERESSANT

Lees MEER INLIGTING hierbo stadig en gevoelvol aan hulle voor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Die Bybel –
 - het oor ongeveer 1 000 jaar stelselmatig ontwikkel.
 - bestaan uit twee dele – die Ou Testament met 39 boeke, en die Nuwe Testament met 27 boeke.
 - is deur God geïnspireer.
 - beskryf God se ingrype in mense se lewens.
 - word die kanon genoem – wat norm of maatstaf of *maatband* beteken.
 - is die maatstaf van alles wat ons dink, sê en doen.
- Die Ou Testament vertel die verhaal van God se betrokkenheid by die mense van Israel en Juda, en die Nuwe Testament vertel die verhaal van God se nuwe begin in Jesus Christus met alle mense.

Die Heilige Gees verander ons lewens en maak ons nuut.
Die Bybel se gesag lê in wat God gedoen het.
Dit is God self wat ons oortuig dat dit wat ons in die Bybel lees, sy Woord is.

- Die Ou Testament vertel dat God –
 - die mens goed geskape het.
 - 'n verbond gemaak het om hulle in liefde te versorg.
 - telkens moes sien hoe hulle ten spyte van sy liefde ongehoorsaam word.
- Die Nuwe Testament vertel dat God –
 - van vooraf 'n nuwe verbond of ooreenkoms met sondaarmense aangaan het.
 - deur Jesus Christus bewys dat Hy ons vir altyd wil liefhê.
 - ons sonde en skuld oorgelaai het op sy Seun, Jesus.

Omdat Jesus God en mens gelyktydig is, kon Hy as mens ons sonde oorneem, en as God kon Hy dit met sy Goddelike krag wegdra. As mens sterf Hy in ons plek, as God staan Hy op uit die dood in ons plek.

- Die eerste vyf boeke van die Ou Testament word die Pentateug genoem (Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium). Dit vertel van die skepping en die oergeskiedenis, die aartsvaders (Abraham, Isak en Jakob) en van Josef, die uittoeg uit Egipte, die volk se omswerwinge in die woestyn, en die wette wat die Here hulle gegee het.
- Die tweede deel van die Ou Testament wat as kanon aanvaar is, is die historiese boeke (Josua, Rigters, Samuel, Konings) en die Profete (Jesaja, Jeremia, Esegïel en die twaalf kleiner profete).
- Die derde deel van die Ou Testament is die Geskrifte genoem (dit sluit die Psalms, Spreuke, Job, Prediker en Hooglied in).
- Die eerste vier boeke van die Nuwe Testament is die Evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Elkeen van hierdie boeke vertel die verhaal van Jesus Christus op sy eie manier. Dit word gevolg deur die verhaal van die kerk in die boek Handeling, wat ook deur Lukas geskryf is.
- Hierop volg 'n aantal briewe wat deur apostels aan verskillende gemeentes van die vroeë kerk geskryf is. Die oudste briewe in die Nuwe Testament is so 20 jaar na die kruisiging en opstanding van Jesus Christus deur Paulus geskryf.
- Die laaste boek in die Nuwe Testament, Openbaring, het 'n unieke karakter.
- 'n Geskrif kon deel van die Nuwe Testament word as die kerk geoordeel het dat dit van oor- en ooggetuies kom wat gehoor en gesien het wat Jesus alles hier op aarde gedoen en gesê het.
- Teen die jaar 150 na Christus was die Nuwe Testament grotendeels afgesluit.
- Die Bybel is nie 'n Aardrykskunde- of Geskiedenis-handboek nie.
- Die Bybel vertel vir ons *dat* God alles geskep het, maar *nie presies hoe nie*.
- Die Bybel is 'n *geloofsboek* wat handel oor God en mense se verhouding met mekaar.
- In Afrikaans bestaan daar vandag reeds 'n hele paar vertalings van die Bybel:
 - Die eerste vertaling in Afrikaans het in 1933 verskyn.
 - 'n Hersiene uitgawe van hierdie eerste vertaling het in 1953 verskyn.
 - In 1983 het 'n *Nuwe Afrikaanse Vertaling* verskyn wat vandag amptelik in ons Kerk gebruik word. Dit is 'n dinamies ekwivalente vertaling.
 - In 2008 het *Die Bybel vir Dowes* verskyn. Dit is uit die grondtekste in maklik verstaanbare Afrikaans vertaal. Dié vertaling was so gewild dat dit in dieselfde jaar as *Die Bybel vir Almal* uitgegee is.
 - Op 12 Maart 2014 is die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* bekendgestel. Die Bybelgenootskap werk tans aan *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*. Hierdie vertaling poog om in goeie Afrikaans die brontekste so getrou moontlik weer te gee.

- Ons Kerk ondersteun die Bybelgenootskap se vertalings omdat dit in samewerking met die Afrikaanse kerke aangepak word.
- Die Bybel word uit Hebreeus, Aramees (Ou Testament) en Grieks (Nuwe Testament) vertaal.
- Jy kan op die internet by www.bybelgenootskap.co.za ingaan en interessante inligting daar vind. Jy kan die Bybel selfs elektronies aflaai.
- Onthou ook dat die Bybelgenootskap vertalings van die Bybel in al 11 amptelike tale van Suid-Afrika uitgegee het.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle 2 Timoteus 3: 10 – 4: 5 en die inligting hieronder lees en dan die volgende vrae skriftelik beantwoord.

Paulus skryf hierdie brief aan Timoteus. Timoteus was 'n jong “dominee”. Hy het in 'n Christelike huis by sy ma en ouma grootgeword. In die tyd toe Timoteus 'n jong lidmaat van die kerk was, is die Christene vervolgt en was daar ook baie ander predikers wat nie die waarheid oor Jesus Christus verkondig het nie. Paulus skryf hierdie briefie om Timoteus te motiveer om getrou aan Jesus Christus te bly.

- Hoe het Timoteus Paulus nagevolg en hoe het hy dit uitgeleef?
Timoteus het Paulus nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel en hy het dit uitgeleef met geloof, geduld, liefde en volharding.
- Paulus verduidelik aan Timoteus dat almal wat toegewy aan Jesus Christus leef, vervolgt sal word. Is dit vandag maklik om toegewy aan Jesus te leef? Gee 'n rede vir jou antwoord.
Die kinders se individuele ervaring sal lei tot individuele antwoorde. Gee leiding indien nodig. Dit is belangrik dat die kinders moet beseft dat ons die Woord van God moet ken en uitleef al is dit hoe moeilik.
- Timoteus het van kleins af die Skrif en vir God leer ken. Wat moes hy nou in hierdie moeilike tyd doen?
Timoteus moes bly by dit wat hy geleer het en glo, al het die wêreld waarin die Christen leef, verander.
- Wie het die hele Skrif geïnspireer?
God – die Bybel is God se Woord in mensetaal.
- Wat behoort Timoteus te doen met dit wat hy in die Skrif lees en leer?
Hy moes die waarheid onderrig, dwaling bestry, verkeerdhede regstel en die regte lewenswyse kweek.
- Paulus waarsku Timoteus dat daar 'n tyd sal kom wanneer die mense net gaan luister na dit wat hulle wil hoor. Dink jy dat ons nou in so 'n tyd leef en waarom sê jy so?
Die kinders se antwoorde hier is persoonlik en sal dus verskil. Dis belangrik dat die kinders sal insien dat ons ook in tye leef waar die mense net wil hoor (ook in die kerk) wat hulle graag wil hoor. Ons wil byvoorbeeld nie hoor dat ons sondaars is nie.
- Hoekom kan ek glo wat in die Bybel staan?

Die Heilige Gees laat my glo dat dit wat in die Bybel staan waar is, want dit wat ek in die Bybel lees, is waar, dit is die Woord van God, en God praat met my en leer my deur die Bybel.

- Waarom ondersteun die Kerk die vertalings van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika? Hierdie vertalings is in samewerking met die Afrikaanse kerke deur van die beste Bybel- en taalwetenskaplikes uit die oorspronklike tale gedoen.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle gaan uitvind watter Bybelvertalings in Afrikaans reeds deur die Bybelgenootskap uitgegee is.
- Laat hulle aan iemand wat hulle dink nie die waarde van die Bybel ken nie, gaan vertel watter waarde die Bybel in hul lewens het. Hulle kan die persoon na www.bybelgenootskap.co.za verwys en daar interessante inligting vind, onder andere hoe om die Bybel elektronies te bekom.

LEER

- Herinner die kinders om gedurende hierdie week die volgende hoofpunte oor die Bybel te leer:
 - Die Bybel het oor ongeveer 1 000 jaar stelselmatig ontwikkel.
 - Die Bybel bestaan uit twee dele, naamlik die Ou en die Nuwe Testament.
 - Die Ou Testament bestaan uit 39 en die Nuwe Testament uit 27 boeke.
 - Die woord *testament* beteken verbond of ooreenkoms.
 - Die Bybel word as die kanon (*kaanon*) verstaan. *Kanon* beteken norm of maatstaf.
 - Die Bybel is God se Woord in mensetaal.
 - Die hele Bybel is deur God geïnspireer.
 - Die Bybel is 'n geloofsboek.
 - Die Bybel dra as God se Woord gesag vir die gelowige.
 - Die Bybel word vertaal en versprei onder leiding van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Laat hulle die name van die boeke van die Bybel voor in hul Bybels agtermekaar gaan leer sodat hulle enige boek op sy plek in die Bybel kan vind.

AFSLUITING

Lees of sing Gesang 553 en sluit af met gebed.

*Ek is bly ek ken vir Jesus;
ek is bly ek is sy kind.
En ek bly my hele lewe
aan die Here vasgebind.
Ek is bly ek het 'n Bybel
dat ek elke dag kan lees –
kinders van die Here
het niks om voor bang te wees.*